AFRIKAANS EERSTE TAAL HG VR. 2 NOVEMBER 2005

Tydens die assessering van ‘n taal blyk dit baie duidelik dat een van die onderwys se kernprobleme is, dat ons kinders nie meer kan lees of skryf nie. Vra van hulle om ‘n stuk te memoriseer en dan weer te gee – en hulle doen dit perfek. Vra van hulle om ‘n lang vraag te formuleer binne ‘n bepaalde struktuur, en hulle misluk klaaglik.

Hierdie leesprobleem kom nie net in tale nie, maar oor die hele spektrum van vakke voor. Hoe meer woorde gebruik word om ‘n vraag te formuleer, hoe minder is die leerder in staat om te verstaan wat gevra word. Dit kan direk toegeskryf word aan die feit dat die leerder nie kan lees nie. Omdat hy nie kan lees nie, beskik hy ook nie oor die woordeskat om te verstaan nie. Hierdie is ‘n probleem wat reeds in die aanvangsjare van ‘n kind se onderrig dringend aandag behoort te kry.

Ons leerders kan ook nie skryf nie. Om te kan skryf, moet ‘n leerder onderrig word in woordeskat, spelling, sinsbou, die waarde en betekenis van leestekens en uiteindelik paragrafering. Soveel klem word in skole op die eindproduk vir assessering geplaas dat hierdie deurlopende proses nie genoegsaam aandag kry nie.

Ons moes aanpassings maak aan die memorandum om reg te laat geskied aan die Kaapse variant van Afrikaans. Voorbeelde hiervan is om die verhouding tussen Periandros en Ganguloon nie net te aanvaar as een van afsku, wantroue en haat nie, maar ook die leerders wat dit in Kaaps uitdruk as “Periandros soek nie vir Ganguloon nie” te aanvaar.

Assessering sonder die nodige aanpassings om die probleem aan te spreek, beteken niks.